

'n Taal is óók bevry

Met wyle oudpres. Nelson Mandela se geboortedag wat Saterdag gedenk is, het **Michael le Cordeur** nagedink oor Madiba se verhouding met Afrikaans.

Hoe het dit gebeur dat Mandela, wat deur Afrikaners verguis was, so 'n liefdevolle hul taal ontwikkel het? En waarom het hy moeite gedoen om na Afrikaners uit te reik? Daar is 'n veelvoud vertellings hieroor.

■ In sy outobiografie *A Long Walk to Freedom* verwys Madiba na die politieke verengenes se strewe om te studeer – veral vakke soos Engels, kuns, wiskunde en Afrikaans. Madiba het self Afrikaans in die tronk geleer sodat hy beter met sy bewaarders kon kommunikeer.

■ Fikile Bam, 'n regstudent van die Universiteit van Kaapstad en tot sy dood hoofregter van die grondsehof, wat tien jaar saam met Madiba op Robbeneiland was, sê in 'n onderhoud dat "Nelson sy Afrikaans baie ernstig opgeneem het".

■ Wyle prof. Jakes Gerwel, voormalige rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland en direkteur-generaal in Madiba se kantoor, was in lewe my Afrikaansprofessor. Hy het per geleentheid beaam dat Madiba baie trots was op sy Afrikaans en dit beter as die meeste ander inheemse tale kon praat. Madiba, weet ons, was leral versot op die werk van C.J. Langenhoven, Elsa Joubert, D.J. Opperman en C. Louis Leipoldt.

■ Zeldia la Grange, Mandela se persoonlike assistent, vertel in haar boek, *Goëiemôre, mnr. Mandela*, hoe geskok sy was toe sy die eerste keer op kantoor met hom kennis gemaak het. Sy het op Engels gepraat, maar was oorweldig toe sy eers later beseffing hy praat Afrikaans met haar. Sy het 'n diepe skuldgevoel ervaar omdat Madiba in Afrikaans met haar gepraat het, en dit nadat haar mense hom tronk toe gestuur het. Sy kon altyd met die president Afrikaans praat as sy onseker oor iets was. Hy sou dan rustig die protokol aan haar verduidelik – in Afrikaans.

Afrikaanse koerante

Mandela was 'n getroue leser van Afrikaanse koerante. Toe die BBC die program *A Day in the Life of Mandela* uitgesaai het, het 'n vriend in Oxford teenoor die joernalis Jan-Jan Joubert opgemerk dat Madiba *Beeld* gelees het. En volgens Gerwel het Madiba hom gereed op 'n Sondag gebel om Z.B. du Toit se artikel in *Rapport* te bespreek. Volgens La Grange het hy alle Afrikaanse dagblaaie gelees. Ná sy oogoperasie moes sy dit elke dag vir hom voorlees.

Reik uit in Afrikaans

Madiba wou nie net mense ontmoet

nie; hy wou met hulle in hul eie taal praat. As staatshef het hy dus geen geleentheid laat verbygaan om Afrikaans te praat nie. Een voorbeeld was toe hy na die Wes-Kaapse dorp Swellendam genooi is om die vryheid van die dorp te ontvang. Die meeste van die dorp se inwoners is Afrikaners, maar daar woon ook 'n beduidende aantal bruin Afrikaanssprekendes.

Hier het Madiba sy hele toespraak in Afrikaans gelewer, want hy het onwrikbaar geglo: "As jy met 'n man praat in 'n taal wat hy verstaan, praat jy met sy verstand. Maar as jy met hom in sy eie taal praat, praat jy met sy hart."

Dit is ook betekenisvol dat Madiba sy ampswoning, Genadendal, genoem het na 'n bruin Afrikaanse gemeenskap in die Wes-Kaap se eertoebaan die bruin gemeenskap.

Die Afrikaners

'n Meningspeiling in 1980 het getoon slegs 1% van alle Afrikaners wou Mandela aan die bewind sien kom. Afrikaners was bang vir wat Mandela aan hulle sou doen. Maar, sê die digter Antjie Krog, "hoe verkeerd was ons nie!"

Inligting oor Mandela is van Afrikanerkinders weerhou. Krog skryf dat in haar grootwoordjare die naam Nelson Mandela nooit in hul Afrikanerhuis opgekóm het nie. La Grange sê ook sy het geen idee gehad wie Mandela was om dit te veraglaai is nie.

Min mense sou Madiba verkwalik as hy sou wou wraak neem toe hy in die posisie was om dit te doen.

Maar hy het nie – hy het versoening gepredik.


Hy het daarop aangedring dat die foto's van die oudpresident en voormalige eerste ministers in Tuynhuys moes bly. Dit was, volgens hom, deel van Suid-Afrika se geskiedenis. Hy het tee gedrink by die weduwe van Hendrik Verwoerd, en die Springboktrui by die Wêreldbeker-rugbytoernooi gedra. Dit was aan Madiba te danke dat 'n Afrikaanse strofe in die nuwe volkslied opgeneem is. Danksy hom pryk die Springbok steeds op ons rugbytrui. Daar is talle ander voorbeelde waar Madiba na die Afrikaners uitgereik het sodat ook hulle deel van die nuwe Suid-Afrika kon voel.

Mandela en 'Die Kind'

Dit was met die voorlees van Ingrid Jonker se gedig "Die Kind" in sy eerste staatsrede dat Mandela reeds die pertinente teken van versoe-



Wyle oudpres. Nelson Mandela het hom dit ten doel gestel om Afrikaanse koerante te lees. Foto: VOLKSBLAD



'n Handgeskrewe brief van Nelson Mandela waarin hy Danie van Niekerk, indertyd hoof van Tafelberg-Uitgevers, op Afrikaans bedank vir onder meer 'n eksemplaar van D.J. Opperman se *Groot Verseboek*.

ning na die Afrikanergemeenskap uitgestuur het. Afrikaners wat bekommerd was dat hulle in die nuwe politieke bedeling gemarginaliseer sou word, is onkant gevang.

Madiba het myns insiens om twee redes op hierdie gedig besluit: Ten eerste was dit om erkenning te gee aan Jonker se anti-apartheidstandpunt as synde verteenwoordigend van alle Afrikaners wat teen apartheid gekant was. Tweedens wou Mandela die sein uitstuur dat Afrikaners en die totale Afrikaanse

gemeenskap 'n plek in 'n demokratiese Suid-Afrika verdien.

In sy boek *Running with Horses* skryf Allan Boesak dat Afrikaans tóe die eerste keer in ons parlement gehoor is as die taal van alle Afrikaanssprekendes.

Afrikaans as 'n politieke strategie

Dit was baie gou duidelik dat Madiba se begeerte om Afrikaans te leer 'n dieperliggende doelwit gehad het. Mandela was van mening dat die Afrikaner onlosmaaklik deel is van hierdie land en sy grond, en watter oplossing ook al vir hierdie land gevind word, die Afrikaner 'n rol daarin sou speel. Daarom wou hy die Afrikaner se psige begryp, en hy het gewet hy sou dit net kon vermag as hy Afrikaans goed verstaan.

Vir Madiba was dit dus deel van 'n strategie: Afrikaans sou vir hom 'n meganisme word waarmee hy toegang kon verkry tot die Afrikaner se kundigheid, sy vaardighede, en sy ekonomiese mag.

Aan die negatiewe kant is daar diegene, veral uit die geleedere van die swart jeug, wat vandag glo dat Mandela te veel vir wit mense en hul taal gedoen het, ten koste van swart mense. Dat Suid-Afrika net verenig was tydens groot sportgebeure, wat slegs kosmetiese oomblikke was en nie regtig 'n verskil gemaak het nie.

Aan die positiewe kant sal Mandela-volgelingen sy enorme nalatenskap beklemtoon wat wyer strek as eng politieke oorwegings. Mandela het nie net "sy mense" na vryheid gelei nie. Ook Afrikaans – eens ge-

stigmatiseer as Taal van die Onderdrukker – is bevry van sy gekontamineerde verlede.

Wat vra dit van ons?

Die vraag is nou: As ons nadink oor wat Madiba vir Afrikaners gedoen het, moet ons dalk ook nadink wat dit van ons vra? Hoe regverdig ons, wat in hierdie taal ontvang en gebore is, die moed en leierskap wat hy getoon het om, ondanks die kritiek wat hy moes verduur, Afrikaans se plek in die Grondwet te verseker? Noudat Afrikaans bevry is, wat doen ons om Afrikaans se plek as onderdrukker te bevorder? Stuur Afrikaanssprekendes nog hul kinders na Afrikaanse skole? Hoeveel artikels skryf ons as akademiëci nog in Afrikaans?

Ek is dankbaar vir Het Jan Marais Fonds en die Dagbreektrust wat onderskeidelik uitnemende Afrikaanse artikels gaan bekroon, en nagraadse beurse gaan toeken aan studente wat in Afrikaans studeer. Afrikaans benodig meer sulke Madiba-aksies.

Al weet ek dat ek meer krediet sou kry as ek in Engels publiseer, maak ek werk daarvan om vir elke Engelse artikel ook 'n Afrikaanse een te skryf. Vergelyke met wat Mandela vir ons moes opoffer, is dit dalk 'n klein prys om te betaal.

Dr. Le Cordeur dooier Afrikaanssonderwys in die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch.

